

Verwelkomingsrede deur prof H Russel Botman, rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, by die universiteit se derde jaarlikse Eerstejaarsakademie Prestige-aand, 11 Maart 2010

---

Goeienaand, almal. *Molweni! Good evening.*

Vanaand is baie spesiaal, en die supersterre van hierdie geleentheid is natuurlik tweërlei:

- Die STUDENTE wat deur hul verskillende fakulteite as die bes presterende eerstejaars van 2009 aangewys is;
- *And the LECTURERS who have been nominated by these students as having made the biggest contribution to their academic success.*

Welkom aan almal van u. *Wamkelekile. Welcome.*

Aan elkeen van ons slim en hardwerkende studente hier, baie geluk met u besondere prestasie. Die Universiteit Stellenbosch lok jaarliks die top-matrikulante van regoor Suid-Afrika. U wat hier sit tel dus onder die room van ons land se jongmense.

*With this recognition comes a responsibility to use your talents and knowledge to further promote the university's academic image and contribute to the development of our country and its people.*

U kan begin deur 'n rolmodel in u gemeenskap te wees. Leef die boodskap uit dat dit wel moontlik is om sukses te behaal, ongeag jou omstandighede, selfs al kom jy uit 'n benadeelde agtergrond.

*The 2000 cohort study indicates that in the contact university programmes – the best-performing sub-sector – only 50% of the cohort graduated within five years. This is outrageous, and unfair. It is a waste of precious time, money and human resources.*

Ons het gevoel iets moet gedoen word om akademiese sukses te bevorder, en dis hoe die Eerstejaarsakademie in 2007 tot stand gekom het.

Statistieke vertel natuurlik nie die volle verhaal nie, maar ek kan met trots sê aan die Universiteit Stellenbosch dring gemiddeld 87% van nuweling-eerstejaars na hul tweedejaar deur.

Welgedaan aan almal wat ons help om akademiese uitmuntendheid te bevorder. Sleutelfigure in dié verband is ons dosente. Hulle speel nie net 'n belangrike rol in die akademiese vordering van studente nie, maar ook in hul totale universiteitservaring. Dit is vir my 'n voorreg om vanaand elkeen van die genomineerde dosente te bedank vir die toewyding en passie waarmee u hierdie studente tot uitsonderlike prestasies aangespoor het.

Die Eerstejaarsakademie is 'n universiteitswye inisiatief. Daarom is dit belangrik dat ons viserektor (onderrig), prof Magda Fourie, en lede van haar bestuurspan, asook verteenwoordigers van die fakulteite – dekane en LOK-sameroepers – hierdie aand met die studente en dosente deel. Aan die lede van die ABR, ons studentedekaan, die koördineerder van die Eerstejaarsakademie, dr Susan van Schalkwyk, die direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer, dr Brenda Leibowitz, en haar span wat betrokke was by vanaand se reëlings, welkom hier en dankie vir u insette.

*Speaking of synergy – we believe that the creation at the start of the year of a new unit, Student and Academic Support (SAS), will lead to improved service delivery to students and lecturers. The new unit is a merger of two formerly separate units – Academic Support and Student Affairs – and falls under Dr Ludolph Botha. Good luck to him and his team.*

Ons vier vanaand die prestasies van ons studente en die toewyding van ons dosente, maar dis nie ons enigste doelwit nie. Ons gesprek is gefokus op leer en onderrig, want ondanks ons vordering, sak heeltemal te veel studente nog uit. Doen ons genoeg om hulle by te staan?

*In Stellenbosch University's effort to become significantly different and significantly better, we must become ever more accessible, while simultaneously improving the success rate of all our students.*

Ek wil u graag uitnooi om van die geleentheid gebruik te maak om die leer- en onderriggesprek aan tafel voort te sit. Hierdie is 'n unieke geleentheid waar voorgraadse studente, studenteleiers, dosente en bestuur saam aan tafel sit in so 'n gesellige atmosfeer.

*Also among us tonight are two special guests – Dr Betty Siegel of Kennesaw State University in the US, and her son, Dr David Siegel, who is an educationist, like his mother.*

*Betty, the remarkable success you achieved with first years back home in Atlanta, Georgia was a great inspiration to us when we were planning our First-year Academy just over three years ago. We will always be grateful to you and consider you a true friend of Stellenbosch University.*

*Welcome, and congratulations, again, to all our top achievers – both students and lecturers. Tonight is an acknowledgment of your contribution to our profile as a place of academic excellence.*

Maar nou het ek genoeg gesê. Geniet die aand. *Enjoy the evening.*

-o0o-